# Mentors is noodsaaklik

**Johann Kirsten**

Grondhervorming werk nie heeltemal uit soos sommige mense in die vorige dekade gemeen het nie. Die Regering doen te min te stadig en dit is ook tyd dat agribesighede hul deel doen. Wit boere lewer 'n belangrike bydrae, maar die uitdaging is só groot dat meer gedoen behoort te word. In die middel 1990's het ek, Johan van Zyl en Hans Binswanger 'n boek geskryf wat 'n groot deel van die debat oor grondhervorming in Suid-Afrika opsom. Ons het voorstelle gedoen oor die mees gepaste roete vir grondhervorming, gegrond op internasionale ervaring. Ons het geredeneer dat selfstandige en geslaagde markgegronde grondhervorming (die filosofie van die huidige grondhervormingsprogram) 'n belangrike faktor sal wees om vreedsame ontwikkeling in Suid-Afrika te verseker. Die visie wat ons gehad het vir 'n hervormde landbousektor was " 'n meer gediversifiseerde plaasstruktuur, gesentreer rondom mededingende kommersiële eienaarbestuurde familieplase". Ons het egter nagelaat om twee belangrike faktore te voorspel wat byna alles verander het, en wat dit moeilik maak om dié visie te bereik. Eerstens, die globale neiging in die korporatisering van boerdery en die verdwyning van die familieplaas weens toenemende oorhoofse koste wat deur nuwe vereistes van verbruikers, supermarkte en agribesighede geskep word, asook laer winsgrense weens handelsliberalisering, deregulering en hoë vlakke van subsidies. Dié neigings skep groot intree-struikelblokke in die landbousektor vir kleinskaalse boere asook die begunstigdes van grondhervorming. Tweedens, die implementering van die grondhervormingsprogram in Suid-Afrika ná 1996 wat die vorming van eiendomsverenigings meegebring het, waardeur huishoudings saam grond koop. Dikwels het van 70 tot selfs 200 huishoudings as 'n regsentiteit plase gekoop met 'n bestuurskomitee wat gekies is om die boerdery te bestuur. Baie van dié plase het gou finansiële probleme ontwikkel namate institusionele probleme, wat grootliks te make het met binnegevegte en wantrou onder lede, ontstaan het. Dit het dikwels daartoe gelei dat die plaas se infrastruktuur en vrugtebome verniel en diere mishandel is, met byna niks produktiewe bates om mee te boer nie. Vir diegene wat grond as individuele eienaars gekoop het, lyk sake ook nie rooskleurig nie. Dit is die plase wat ons gemeen het gevestig sal word deur die grondhervormingsprogram. Wat ek egter nou sien, is dat dit ook onder geweldige finansiële druk is. Daar is 'n dringende behoefte om dié boere teen 'n finansiële ramp te beskerm. Die afgelope twee maande het ek uit my akademiese toring getree, deur die land gereis en met vele begunstigdes van grondhervormingsprojekte gesels. 'n Kommerwekkende prentjie het ontwikkel, maar alles is nie verlore nie as sekere dinge vinnig gebeur en sekere houdings en denkrigtings dramaties verander word. In ons boek sê ons die plase in die "nuwe" landbousektor moet nie staat maak op subsidies en regeringsondersteuning vir hul volhoubaarheid nie, maar behoort primêr deur die private sektor ondersteun en gedien te word. Ons was waarskynlik bietjie naïef om te dink nuut gevestigde boere sal in 'n posisie wees om te oorleef in die hoogs mededingende wêreldmarkte sonder enige vorm van staatshulp. Nie eens die mees ervare wit kommersiële boere sal in staat wees (en bereid wees) om in dié klimaat te begin boer en steeds groot skuld af te betaal nie. In baie gevalle het begunstigdes van grondhervorming skuld-tot-bate-verhoudings van 50 % tot 70 %. 'n Veilige verhouding in die landbou is 30 %. In dié toestande verwag ons dat boere wat deur 40 jaar van apartheidswetgewing ontmagtig is, van vooraf begin boer en suksesvol en mededingend moet wees. Is dit billik?

Gelukkig het die Regering die Comprehensive Agricultural Support Programme (Casp) goedgekeur om nuwe swart boere te help deur infrastruktuur, soos heinings en besproeiingstoerusting, te finansier. Maar selfs hier is die Regering 'n bietjie stadig. Óf baie van die begunstigdes het nog nie van die program gehoor nie óf die verwerking van die aansoeke wat hulle ingedien het, duur langer as ses maande, wat dit vir hulle onmoontlik maak om te begin boer. Intussen word lenings aan die Land Bank en handelsbanke nie terugbetaal nie, wat die risiko verhoog vir totale finansiële ondergang, bankrotskap en uiteindelik opsegging van die verband. Is dít hoe ons die grondhervormingsmikpunt van 30 % teen 2014 wil bereik? Nóg 'n kwessie is die behoefte aan produksiekrediet. Nuwe boere is bang om nog skuld te voeg by hul reeds groot hoeveelheid skuld. Dit is ook moeilik om geslaag aansoek te doen om produksiekrediet by die Land Bank of handelsbanke. Sonder toegang tot krediet is dit byna onmoontlik om nuwe produksiemiddele te bekom. Maar dit is nie net die Regering wat nie sy plig nakom nie, dit is ook die private sektor. Ek verwys spesifiek na agribesighede. Op die kongres van die Landboubesigheidskamer verlede jaar het ek gesê agribesighede kan 'n groot bydrae lewer deur swart boere by te staan. Ek het geredeneer daar is 'n morele plig met gevestigde agribesighede in al sy verskeie vorms (koöperasies, voedselverwerkers, insetverskaffers, kleinhandelaars) om te help met die ekonomiese bemagtiging van swart boere. Agribesighede is die kritieke intreepunt in die waardeketting en word normaalweg beskou as die "mark" uit die boer se oogpunt. Agribesighede behoort groot rolspelers te wees sodat meer swart boere aan die kommersiële landbou-ekonomie kan deelneem. Sover dink ek nie agribesighede doen genoeg nie. My versoek is dus vir 'n meer voortydige optrede om na swart boere uit te reik in die gees van die ideale, bestendige, produktiewe en verenigde landbousektor. Ek het baie wit kommersiële boere gesien wat as mentors optree vir nuwe individuele swart boere. Dié boere gee hul tyd en kennis om te verseker dat nuwe boere op hul eie voete kan staan. Daar is 'n opregte belangstelling onder wit boere om seker te maak hul nuwe swart kollegas is suksesvol. Hulle kry egter bitter min erkenning vir hul moeite. In stede daarvan word hulle met agterdog bejeën. Dit is jammer! Dit is wel wonderlik om te sien boere en agribesighede besef die belangrikheid van 'n mentorskap, maar die taak is só groot dat meer van hulle betrokke behoort te raak om nuwe boere, wat regtig wil boer, te help om suksesvol te wees. Prof. Johann Kirsten is hoof van die departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling aan die Universiteit van Pretoria. Hy is ook die Landbouskrywersvereniging van Suid-Afrika se Landboukundige van die Jaar vir 2004.